## WERKKAART 4

## MODULE 3

1. Skryf die korrekte betreklike voornaamwoord neer.
    a) Die kind (oor wat/waaroor) die gedig gaan, het kanker onder lede.
    b) Die bed (op wat/waarop) die pasiënt lê, is baie ongemaklik.
    c) Die dorp (van waar/waarvandaan) Darius kom, is naby Johannesburg.
    d) (Oor wat/Waarom) wou die kinders met die onderwyser gesels?
    e) (Na wat/Waarna) soek die dokter?
    f) (Met wat/Waarmee) kan ek hierdie siekte vergelyk?
    g) (Waarna/Na wat) het die leerders die gedigte verander?
    h) (Wie vir/Vir wie) kies julle om die kaartjie te maak?
2. Skryf paragraaf 2 en 3 van die verhaal "Om te hoes" op bladsy 58 en 59 oor en onderstreep al die voornaamwoorde wat in hierdie paragrawe voorkom.
3. Kies die korrekte skuinsgedrukte woord.

Darius het saam met a) *haar/sy* gesin in Bloemfontein gebly. b) *Hy/sy* het 'n troeteldier gehad. c) *Sy/Haar* hond se naam was Scruffy, 'n reun. Scruffy was Darius d) *se/s'n*.

Almal in Darius se familie het van Scruffy gehou, want e) *hy/sy* was meer gehoorsaam as die ander kinders se troeteldiere.

Eendag het alles verander toe Jan-Hendrik Smit opgedaag het. Toe Scruffy f) *sy/haar* oë sien, het g) *hom/hy* baie bang geword.

4. Kies die korrekte woord tussen hakies.
    a) Die fiets is deur 'n kar getref. (Hy/Dit) is nou op die ashoop.
    b) Hierdie Billabong-hemde is duur. Darius het R600 (vir dit/daarvoor) betaal.
    c) As 'n mens nie weet wanneer om (jou/sy) mond te hou nie, kan (jy/jou) in die moeilikheid kom.
    d) 'n Mens moet mooi dink oor wat (jy/jou) vir (jou/jy) vriende van (jou/jy) maats vertel as hulle ernstig siek is.
5. Gebruik die volgende basisvorme en vorm nuwe woorde deur van voor- en/of agtervoegsels gebruik te maak. Sommige woorde sal selfs 'n klinkerverandering moet ondergaan. Maak dan 'n sin waarin jy jou nuwe woord gebruik.
    a) ly (selfstandige naamwoord, verkleining)
    b) atletiek (persoonsnaam)
    c) koud (selfstandige naamwoord)
    d) ken (werkwoord)
6. Kyk na die illustrasie op bladsy 68. Skryf nou eie voorbeelde van die volgende sinne neer.
    a) Vraagsin
    b) Stelsin
    c) Uitroepsin
    d) Bevelsin

7. Kyk hoeveel verskillende nuwe woorde (afleidings) jy van die volgende basisvorme uit die gedig op bladsy 71 kan vorm.
    a) kuier (strofe 2)
    b) liggaam (strofe 4)
    c) vreemd (strofe 7)
    d) bloei (strofe 10)
8. Verbind die volgende woorde tussen hakies met mekaar.
    a) Die (goed + trein) vervoer al die medisyne vir die MIV/vigs-pasiënte op die platteland.
    b) Pasop om (lam + vleis) te eet; dit is baie vetterig.
    c) Die CHOC-organisasie verrig 'n (held + daad) deur die kinders met kanker by te staan.
    d) Die (hoof + priester) van die Rooms Katolieke Kerk is bekend vir die (kind + bybel) wat hy uitdeel.